Medewerkers in die Familie!?

Matteus 9:35-38
Handelinge 2:1-12
Romeine 16:3,9,12-15,21

Inleiding

Jesus het hier na die moeë en verdwaalde mense gekyk maar twee dinge nie onderskat nie.

- Die krag van gebed
- En God se vermoë om moeë en verdwaaldes te verander in arbeiders wat 'n oes inbring.

Dink daaroor: Waar anders sou hierdie arbeiders dan skielik vandaan kom?

Ek is seker die mense wat so moeg en verdwaal gevoel het, sou nie glo dat hulle kon deel word van werkers wat 'n oes inbring nie.
Maar as ons na die res van die geskiedenis van Jesus se werk en die kerk kyk is dit duidelik:
Daardie mense het Jesus onderskat
Want daar was gebid
Arbeiders het gewerk
En die oes hét ingekom.

Onderskat jy jouself?
Onderskat jy ...Jesus om jou te gebruik?
Pinkster herinner ons om Jesus en sy werk in en deur ons nie te onderskat nie.

Vandag vier ons Pinkster! In die Ou Testament was dit die feesdag waarmee hulle die oes van die seisoen

gevier het. Die werk is gedoen, die vrug kon geniet word.
Dis deel van die wonder van die evangelie: Pinkster is ook die dag waarop God sy Gees vir gewone mense soos ons gegee het ...Jesus het sy werk gedoen, ons kry nou die vrug, die Gees, om ons te versterk vir ons werk.

Pinkster maak dat elke dissipel van Jesus, of jy ervare of onervare is, 'n geleentheid is vir Jesus om in en deur te werk. Dat jy nie jouself moet onderskat nie.

Ons gaan vandag bietjie meer hiervan ontdek en ook gesels oor hoe dit baie prakties in ons geloofsfamilie gaan kan werk.

Medewerkers

Party mense kan dink dat God spesiaal net ouderlinge of diakens wil gebruik om in die geloofsfamilie te werk.

Ja, enigiemand kan allerhande praktiese takies doen: help met tee-skink, musiekmaak, die klanksisteem beheer of die bussie ry. Maar die geestelike en versorgingswerk is net vir ouderlinge en diakens.

Wel, dis eenvoudig nie waar nie. Ons lees in die Nuwe Testament dat baie verskillende mans en vroue geestelike en versorgingswerk in die kerk gedoen het sonder dat hulle ouderlinge of diakens was.

Hierdie mense word '*medewerkers*' van die apostels en ouderlinge genoem. Ons lees eintlik op meer plekke

in die Nuwe Testament van 'medewerkers' as van ouderlinge! En hulle het nogal baie verantwoordelikheid gehad.

Hulle was soos 'n netwerk mense wat gehelp het dat die nodige werk om mense in hulle dissipelskap van Jesus te help nie agter bly nie. Hulle het gehelp om die oes in te bring.

Kom ons lees saam uit Romeine 16 om 'n gevoel te kry van wat hierdie mense gedoen het en hoe hulle saamgewerk het.

Dis aan die einde van Paulus se brief aan daardie gemeente en hier skemer die netwerk van werkers in die kerk deur soos hy groete stuur vir die mense saam met wie hy al gewerk het.

16 *Ek beveel ons suster Febe wat* ***dienaar*** *is in die gemeente in Kenchreë, by julle aan.* [2]*Ontvang haar soos dit mense wat in die Here glo, betaam, en staan haar by in enige saak waarin sy julle hulp nodig kry, want sy was vir baie, en ook vir my, tot steun.*
[3]*Groete vir Priscilla en Akwila, my* ***medewerkers [sunergos] in Christus Jesus*** [4]*wat hulle lewe vir my gewaag het. Dit is nie net ek wat hulle dankbaar bly nie, maar ook al die gemeentes onder die heidennasies.* [5]*Groete ook aan die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaarkom.*
My groete verder ook aan my ***liewe vriend*** *Epenetus, die eerste bekeerling vir Christus in die provinsie Asië,* [6]*en aan Maria, wat baie moeite vir julle gedoen het.*

[7]Gee my groete ook aan Andronikus en Junias, my ***volksgenote*** *wat saam met my in die gevangenis was; hulle is hoog aangeskrewe by die apostels en het voor my al Christene geword.*
[8]En dan stuur ek ook groete vir Ampliatus, my ***liewe vriend*** *in die Here, [9]vir Urbanus, my* ***medewerker in Christus****, en vir my liewe vriend Stagis; [10]ook vir Appelles—hy het gewys wat in hom steek as gelowige—en die huis van Aristobulus; [11]vir Herodion, my volksgenoot, en vir dié uit die huis van Narsissus wat tot die geloof gekom het.*
[12]Groete verder ook aan Trifena en Trifosa, ***ywerige werksters*** *vir die Here, en aan my liewe Persis, wat al baie vir die Here gedoen het. [13]Dra ook my groete oor aan Rufus,* ***die voortreflike werker*** *in diens van die Here, en aan sy moeder, wat ook vir my altyd 'n ma was.*
...
[21]My ***medewerker Timoteus*** *stuur vir julle groete, en so ook Lucius, Jason en Sosipater, my* ***volksgenote****. [22]Ek, Tertius, wat die brief neergeskryf het, stuur as 'n* ***medegelowige*** *ook my groete. [23]Gaius, my gasheer en ook gasheer van die hele gemeente hier, stuur ook groete. En dan ook nog groete van Erastus die stadstesourier, en van broer Kwartus.*

Sien jy hierdie netwerk raak? Baie van hierdie mense het op verskillende maniere gehelp dat die evangelie oor Jesus in mense se harte begin lewe en groei.
Plek-plek word hulle pertinent medewerkers genoem. Dis amper dieselfde as om ons woord 'kollega' te gebruik vir iemand wat saam met jou werk.

Apollos word in 1 Kor 3:9 ‘n medewerker genoem wat nat gegooi het waar Paulus geplant het. Hy het geloofsversorging gedoen in die kerk van Korinte, maar sover ons weet was hy nie eers ‘n ouderling nie.

In Filippense 4:3 word ‘n medewerker gevra om die twee dames Euodia en Sintige te help om hulle konflik op te los. Hulle was ook medewerkers.

In die gemeente van Efese waar Timoteus gewerk het was daar selfs ‘n lys van weduwee-vroue wat hulle tyd net aan gemeentewerk gegee het (1 Tim 5:3-16).

Dis glashelder dat nie net ouderlinge en diakens geestelike werk in die kerke gedoen het nie. Wat by Pinkster gebeur het was werklik vir alle dissipels van Jesus.
Dis duidelik dat die medewerkers in die amp van gelowige saam met die ampsdraers gewerk het en hulle bygestaan het in hulle werk.

Daar was ‘n netwerk van medewerkers, en die netwerk het gewerk!

Jyself?

Natuurlik kan jy dalk al begin dink waarop ek afstuur?

Hoekom dink jy het Jesus die duur prys aan die kruis betaal vir jóú sonde?
Hoekom sal Hy sy Gees vir jou wil gee?

Mens koop tog nie ‘n verongelukte kar, maak dit reg, maak dit vol petrol en parkeer dit dan in die garage nie?

Onderskat jy dalk jouself?
Onderskat jy dalk die Here se vermoë om jou te gebruik?
Wat as die Here jou nie onderskat nie?
Wat as Hy presies geweet het wat Hy doen deur jou deel van die Trinitas familie te maak?
Wat as Pinkster vir jou bedoel was?
Meer as ‘n dag is waaraan jy een keer per jaar dink?

Hierdie vrae is nie om jou skuldig te laat voel nie. Niemand mag iets in Trinitas doen omdat jy skuldig voel nie. Die liefde van Jesus Christus behoort jou te dring (2Kor5:14). Hierdie vrae is bedoel om jou dáároor te laat dink. Te laat bid. Te laat vra of en waar die Here jou dalk wil gebruik. Dalk is jy werklik nie op ‘n plek in jou pad met die Here waar jy gereed is nie. Net jy kan dit met Hom uitmaak.
Maar die vrae wil jou ook nie gemaklik laat wegglip om uit te mis op die vreugde daarvan as die Here jou gebruik nie. Die groei wat jyself gaan beleef as jy Hom in en deur jou sien werk nie.

Die werk van medewerkers in Trinitas

Kom ons raak baie prakties oor hoe ons dink medewerkers in Trinitas kan werk. ‘n Paar dinge:

Ons beplan dat medewerkers belydende manne en vroue sal wees

- Met die rypheid, gewilligheid en tyd
- Om ouderlinge in hulle dienswerk by te staan om mense in hulle dissipelskap te begelei deur
    - Huisbesoeke
    - Siekebesoeke
    - en vestiging van Bybelstudiegroepe.

Medewerkers word dus nie in ‘n spesifieke amp bevestig nie. Hulle woon ook nie kerkraadsvergadering by nie.
Hulle word wel deel van ‘n bedieningspan saam met ‘n ouderling en ander medewerkers wat sal saamkom om saam te dink en te bid en te beplan oor die mense in hulle blok van wyke.

Hulle sal ook net so veel doen as wat hulle tyd toelaat. Selfs al is daar bv. een persoon wat sê dat sy by een ander persoon kan uitkom – is dit reg. Iemand anders mag dalk kans sien vir 5, of om ‘n Bybelstudie groep te begin. Jou situasie is die beginpunt.

Hoe word jy ‘n medewerker?

Jy kan op twee maniere ‘n medewerker word. Of jou ouderling kan met jou kom gesels om dit te oorweeg, of jy kan self jou hand op steek en met Alan Brotherton gaan praat.

As jy onseker is. Bid daaroor. Gesels met ander gelowiges vir raad en hou jou praktiese situasie in

gedagte maar dit mag wees dat dit ook van jou ‘n offer sal vra. Ons gaan ook nou na vanoggend se diens kans gee vir almal wat vrae het of selfs goeie voorstelle om agter te bly en saam te gesels.

Ons gaan jou ook nie koud los nie en beplan om deurlopend toerusting en begeleiding vir jou te gee oor allerhande aspekte soos bv. hoe om met mense te werk vir hulle dissipelskap, hoe om met ‘n siekebesoek te maak, hoe om met groepe te werk ens.

Dit klink nou dalk asof ek praktiese reëlings in ‘n preek tref... maar dis die praktiese grondvlak waar ons dissipelskap van Jesus ons sal bring. Nie ‘n Christenskap wat in die wolke sweef nie, maar ‘n verloste familie van diensknegte wat gestuur is in Vanderbijlpark.

Slot

Moenie onderskat wat Jesus in en deur jou kan doen nie... vandag se moeë skape is more se arbeiders.

Ons vier Pinkster wat vertel dat Jesus die werk gedoen het en ons die oes deur sy Gees kan geniet.

In die Nuwe Testament sien ons ‘n netwerk van mense wat gewerk het om die oes in te bring.

Mag Jesus vir ons die nodige medewerkers in die Trinitas familie gee om sy oes in te bring vir sy eer!

Nie omdat ons onsself oorskat, of onderskat nie... maar omdat ons Jesus se krag na waarde skat!

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
24 Mei 2015